Carcass Breed • Karkasras

LIMOUSIN-SA

www.limousinsa.co.za

# LIMOUSIN
# DIE KRUISRAS KONING

Boer met waarvan jy hou



Ondervind gemoedsrus

Kalwingsgemak

Ideaal vir kruisteling

Uitstekende speenkalwers

Goeie Voeromset in die voerkraal

Bogemiddelde uitslag persentasie

## VIR DIE BOER

- Fyn beenstruktuur
- Maklike kalwing a.g.v. relatiewe klein kalwers - 35kg gemiddeld
- Pas goed aan en kom voor reg deur die land
- Die ras het geen selektiewe vreetgewoontes nie
- Uitstaande moedereienskappe
- Vrugbaar
- Produktiewe lewe tot 20 jaar

## VIR DIE HUISVROU

- Hoë kwaliteit vleis
- Vleis is smaaklik en sappig
- Min bord afval (meer waarde vir geld) is ekonomies
- Gemoedsrus om goeie vleis voor te sit

## VIR DIE SLAGTER

- Uitstaande hoë vleis tot been verhouding
- Uitstaande karkas aan die hak
- Onge-ewenaarde hoë uitslag persentasie
- Hoër presentasie duur snitte op 'n karkas
- Snybaarheid van die vleis is baie goed

## SUKSES

Die gesogte eienskappe van Limousin-vleis is oor jare heen ontwikkel en vasgeteel in die ras. Die sukses vandag is die gevolg van pogings oor geslagte: pogings deur telers, tegnici, organisasies en professionele slagters wat bly glo het in die ras en wat derhalwe sy voortreflikhede verder uitgebou het. Te danke aan al die insette word die ras vandag wêreldwyd erken as 'n ekonomiese krag waarmee rekening gehou moet word.

## DIE VOERKRAAL-EIENAAR EN DIE SLAGTER

Die voerkraal-eienaar wil 'n karkas hê wat goed gradeer, met baie goeie bouvorm om die slagter tevrede te stel.Die teler moet 'n karkas produseer wat die hoogste moontlike uitslagpersentasie lewer. Die dun bene, dun vel en klein kop van 'n Limousin beïnvloed dit direk positief. Die slagter sal 'n premie betaal vir seker tipes diere - lewendig sowel as aan die hak. Die voerkraal-eienaar wil wins maak, sonder om die produsent te benadeel. Die veranderde vraag na maerder vleis, groot oogspier, liggies gemarmer met 'n dun lagie vet maak sulke vleis 'n prioriteit in die handel. Die voerkraal-eienaar weet dat dit drie keer soveel kos om een kilogram vet te produseer as een kilogram vleis.

## LIMOUSIN BETEKEN KWALITEIT

Deur 'n Limousin bul te gebruik, kan aan al hierdie gesogte vereistes en kwaliteit voldoen word; daar is altyd 'n aanvraag vir Limousin speenkalwers by voerkrale. Hoë uitslagpersentasie, lae vetinhoud en hoë vleis: beenverhouding van die karkas, maak dit ideaal vir die vereistes van die produsent, voerkraal, slagter en verbruiker.

# ONS TEEL VLEIS

**Maak seker dat jou Limousin Bul die brandmerk van 'n geregestreerde teler op regter skouer dra!**


LIMOUSIN SA
12560 Brandhof 9324
Kantoor: 051 444 5082/3
Fax: 051 444 5085
Paul: 082 333 7973
E-Pos: info@limousinsa.co.sa